KUNS

# Dumas bring Kaaps, Small en animasie na konstitusionele hof

Deur Laetitia Pople | 12 Desember 2020 09:00




Marlene Dumas

Deur die toedoen van Marlene Dumas, internasionaal bekroonde Suid-Afrikaanse kunstenaar wat al jare in Nederland woon, kry die taal Kaaps, Adam Small se digkuns en verset, asook die animasiekuns van Charles Badenhorst nou blootstelling in die kunsversameling van die konstitusionele hof in Braamfontein, Johannesburg.

Dumas, 'n boorling van Kuilsrivier, het Badenhorst se animasiefilm *What abou'de lô,* gegrond op Small se gedig met dieselfde naam, by hom gekoop en aan die hof se kunsversameling geskenk.

Dit is die eerste animasieprent in dié indrukwekkende versameling, wat benewens werke van Dumas ook werke van Dumile Feni, William Kentridge en Cecil Skotnes insluit. In die kortprent lees Small sy eie gedig voor.

Badenhorst was oorstelp oor dié nuus.



Adam Small

"Ek is so verstom. Dit het te midde van die inperkingstyd so uit die bloute gekom.

"Catherine Kennedy, van die Constitutional Court Trust, het my gebel en gesê Dumas het die werk gesien en aangebied om dit by my te koop vir die hof se versameling."

Volgens Badenhorst is dit vir seker die hoogtepunt van sy loopbaan en dit laat hom nederig voel.

Dumas het gesê haar denke oor reg en geregtigheid is beïnvloed deur dié gedig van Small. Dit handel oor die sogenaamde Ontugwet (Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike) wat een van die eerste apartheidswette was wat ingestel is nadat die Nasionale Party in 1948 aan die bewind gekom het. Dit het intieme verhoudings tussen mense van verskillende rasse verbied.

Dumas noem dit "'n immorele wet wat onmoontlik gehoorsaam kan word omdat dit van liefde 'n misdaad maak".



'n Greep uit Charles Badenhorst se animasieprent "What abou'de lô".

Badenhorst se animasie gaan by Dumas se monumentale tapisserie-triptiek getiteld *The Benefit of the Doubt* aangebring word. Die tapisserie beslaan 28 m en hang bo die ingang na die openbare galery van die hof. Die werk word as een van die sleutelwerke van die versameling beskou omdat dit die doelstellings van die hof se kunsversameling onderstreep, naamlik die ondersoek na die aard van geregtigheid.

Dumas se werk handel oor die regsbegrip "onskuldig tot skuldig bewys" en lewer 'n pleidooi aan diegene wat die hof ingaan om "mense se menslikheid raak te sien". Die kunswerk, wat 300 kg weeg, is in 2018 en 2019 gerestoureer.

Ter viering van Menseregtedag op 10 Desember het 'n publikasie oor Dumas se tapisserie verskyn in die monografie-reeks *Art & Justice: A Constitutional Court Art Collection,* wat fokus op kunstenaars wie se werk wat in die versameling opgeneem is. Dit is gratis in PDF-formaat beskikbaar en sal waarskynlik volgende jaar in druk verskyn.

Oudregter Edwin Cameron, wat in die beheerraad van die hof se kunsversameling dien, sê in 'n verklaring "Small, Dumas en Badenhorst – al drie Afrikaanssprekend – het deur hul werk gewys hoe kuns, animasie en letterkunde gebruik kan word om groter gelykheid en waardigheid te skep vir ander. Dit is 'n vorm van verset en aktiewe burgerskap."

Hy sê die versameling begin nou die gebrek aan "die stem van bruin kunstenaars en stemme" in die versameling regstel.



Charles Badenhorst

Badenhorst het in 2016 die groot jurieprys op die Weimar-poësiefilmfees in Duitsland met die prent gewen.

Daarmee wou hy sy gehoor "blootstel aan die pyn wat mense onder apartheid ervaar het".

Daarin  huishoudelike tonele met n wit vrou en bruin man gesien word. Dit is deel van die *Filmverse*-projek bestaande uit geanimeerde prente van Afrikaanse digters se werk. Die projek is deur Diek Grobler begin en deur die ATKV ondersteun.

Die konstitusionele hof se kunsversameling is destyds met 'n skamele R10 000 begin. Kunstenaars wat werke geskenk het, sluit in die nou ontslape kunstenaars Cecil Skotnes, Robert Hodgins en Judith Mason, asook kunstenaars soos Willie Bester, Kentridge en Dumas. Mason se werk, *The Man Who Sang and the Woman Who Kept Silent,* is op vir Waarheids-en-versoeningskommissie se verrigtinge gegrond.




Meer oor: Animasie | Kuns

## Nog stories

- Hul kuns wentel om fynbos – SA se 'erfgoed'
- 'Creative Block'-uitstalling open aanlyn
- ATKV-prys verras regsdosent aan UV
- Anna Davel open haar eie aanlyn kunsgalery

## MyStem: Het jy meer op die hart?

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, 'n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

## Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar dit is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid hier.

Comments for this thread are now closed ×

0 Comments | Netwerk24 | Disqus' Privacy Policy

Recommend 1 | Tweet | Share | Sort by Best

This discussion has been closed.

Subscribe | Add Disqus to your site | Do Not Sell My Data | DISQUS

NUUSBULLETIN | GEWILDSTE

1. Covid-19: Die jongste syfers
2. ANC-raadslid vas ná hy glo op motoris skiet
3. 'Terrorisme kan nie geduld word,' sê Pandor oor Mosambiek
4. Rasse-verhoudinge nie so sleg soos ons dink – Cyril
5. EKSKLUSIEWE FOTO'S: Weduwee meld by polisie aan




## Stemme

### Waldimar Pelser

Rubriekskrywer

Waldimar Pelser is redakteur van Rapport en aanbieder van 'In Gesprek' op kykNET.



- Waldimar Pelser: Hier's my boud, ent my in!
- LUISTER: Waldimar Pelser: Trump en Biden se welslae is